Puik sang en knap regie bied waarde in drievoud

MARIANA MALAN

DRIE VAN DIE BESTES, THREE OF THE BEST – MILLENNIUM, met Kevin Leo, Danie Niehaus en Mathys Roets. Afrondingsregisseur: Laurika Rauch. Choreograaf: Gerrie Jamneck. In die Bloemendal Restaurant.

DIE fanfare aan die begin klink of daar 'n kulkunstenaar uit die niet gaan verskyn om jou met toertjies te vermaak. In plaas daarvan verskyn drie towenaars op die verhoog wat jou met hul stemme betower.

Roets, Niehaus en Leo bied die beste vermaak wat in hierdie stadium plaaslik te kry is en laat jou voel jy kry driedubbele waarde vir jou geld. Elkeen kry die geleentheid om 'n paar van sy eie treffers op sy unieke manier te vertolk. Dis egter wanneer die drie saam sing dat talent verweef word tot buitengewone luistergenot.

Die program is slim saamgestel met snitte uit musiekblyspele, treffers van toeka en nou en oorspronklike Afrikaanse nommers. Daar word selfs 'n tikkie opera ingeroer met die "Drinklied" uit *La Traviata*. Hier kry Niehaus ook die kans om sy komiese kant, wat goed onderdruk word in die res van die program, te laat deurskemer. Selfs Roets wat andersins baie bedees is, wys dat hy in die regte geselskap kan uitrafel.

Tussen die twee pole hou Leo die balans met 'n uiterlike wat herinner aan die groot tenore met 'n stem wat daarby pas. Roets het op sy beurt weer die gehoor in vervoering gehad met sy basnote in sy vertolking van "I don't believe in if anymore" en "Dance me to the end of love".

Die vertolking van Laurika Rauch se treffer "Stuur groete aan Mannetjies Roux" het gewys dat sy as regisseur oor 'n sin vir humor, maar bowenal oor vindingrykheid beskik.

'n Mens kan ook net vermoed dat sy 'n ferm hand moes hê om die uiteenlopende kunstenaars in die rigting van 'n gehalteproduk pleks van bloot vermaak te stuur.

Ná drie toegifte het die gehoor duidelik nog nie genoeg gehad nie. Dis die regte manier om enige program af te sluit.

● Die kunstenaars tree op Vrydag 17 September om 19:00 en 21:15 in die Bellville Burgersentrum op. Kaartjies is by Computicket te kry.